# HOOFSTUK 2

# *DIE RYKSKONFERENSIE, 1930 EN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER, 1931*

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die plek wat die 1930-Rykskonferensie en die Statuut van Westminster, 1931 in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie ingeneem het, bespreek.

## 2.2 DIE AANLOOP TOT DIE RYKSKONFERENSIE EN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER

Gemenebeslande[1] kon, as gevolg van die Statuut van Westminster, sedert 1931 konstitusioneel op 'n gelyke status met Brittanje aanspraak maak.

Die Konferensie van Deskundiges wat deur die 1926-Rykskonferensie in die vooruitsig gestel is, het vanaf Oktober tot Desember 1929 in Londen byeengekom. Hul belangrikste taak was om te bepaal hoe die juridiese magte en bevoegdhede van dominiale parlemente op 'n gelyke voet met dié van Brittanje geplaas kon word.

Die konferensie se verslag het bepaal dat volle wetgewende vryheid van die dominiale parlemente bo alle twyfel gestel moes word. Die Colonial Laws Validity Act van 1865, wat die wetgewende oppergesag van die Britse Parlement vasgelê het, moes herroep word. Daarbenewens moes dominiale parlemente die bevoegdheid verkry om enige bestaande wet te herroep of te wysig. Boonop moes dit duidelik in die wetboek uitgespel word dat geen Britse wet in enige dominium geldig sou wees nie, tensy 'n dominium só 'n versoek sou rig of daartoe sou instem.[2]

Die skerp kontras tussen Afrikaner-nasionaliste en Ryksgesindes se opvattings oor Suid-Afrika se Britse konneksie het in die Volksraadsitting van Mei 1930 na vore

1 M.H. Trümpelmann, ***Generaal J.C. Smuts as premier** ...*, pp.304,308; vgl. P. Beukes, ***The holistic Smuts: a study in personality***, p.166; H.C. Armstrong, ***Grey Steel** ...*, p.285, {Smuts het die term "commonwealth" reeds in 1902 gebruik. Hy het die term Gemenebeslande in 1917 in 'n toespraak gebruik. Lloyd George, die Britse Eerste Minister, het in 1919 ook na "British Commonwealth" verwys. Namate die eertydse dominiums in status gegroei het, het die term politieke omgangstaal geword}.

2 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot** ...*, pp.161-163.

getree. Generaal J.B.M. Hertzog, leier van die NP, het op 20 Mei voorgestel dat die aanbevelings van die Konferensie van Deskundiges goedgekeur moes word. Hy het dit beklemtoon dat die ou konstitusionele bedeling finaal beëindig is. Hertzog was sterk ten gunste van die beginsel van gelykheid en was van mening dat die verslag van die Konferensie van Deskundiges die verklaarde gelykstelling in die praktyk sou implementeer.[3]

Daarenteen het generaal J.C. Smuts, leier van die SAP, wat in sy Ryksgesinde denkwyse die eenheid van die Britse Ryk voorop gestel het, gevrees dat die toepassing van die beginsel van gelykheid op die verbrokkeling van die Britse Ryk sou uitloop. Indien die Colonial Laws Validity Act afgeskaf sou word en wetgewende gelykheid tussen Brittanje en die dominiums daaruit sou spruit, sou die enigste band tussen Gemenebeslande in die slag bly. Smuts se siening het die Ryksgesinde standpunt van sy party weerspieël. Dit was naamlik dat 'n ondeelbare en gemeenskaplike kroon as waarborg vir Rykseenheid bo praktiese soewereine onafhanklikheid gestel moes word. Smuts se verklaring het daarop neergekom dat hy die Unie se reg op neutraliteit of sesessie totaal ontken het. Volgens hom kon die Unie nie sonder gemeenskaplike instemming van Brittanje en die ander dominiums die Britse Koningskap afskaf en 'n republiek uitroep nie.[4]

Smuts en sy politieke opponente in die NP se botsende standpunte oor Suid-Afrika se reg om hom van sy Britse konneksie los te maak, het veral uit hul onderskeie vertolkings van Artikel 60 van die 1929-konferensieverslag geblyk. Dié Artikel het bepaal dat verandering in die reëls vir die Britse troonopvolging slegs met instemming van alle lede van die Britse Gemenebes kon geskied.[5]

Smuts was van mening dat die Artikel Suid-Afrika se Britse konneksie sou waarborg en dat dit aan die dominiums die reg op sesessie ontneem het. Hy het hom gevolglik sterk ten gunste van die aanvaarding daarvan uitgespreek.[6]

---

3 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5011,5017.

4 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.168,169.

5 J.W. Jagger Library, University of Cape Town (UCT), Duncan papers, BC 294, A15.10: Union of South Africa, Report of the conference on the operation of dominion legislation and merchant shipping legislation, 1929.

6 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5032.

Hierdie siening van Smuts oor Artikel 60 is geensins deur Nasionaliste gedeel nie. Hulle was veral gekant teen Smuts se vertolking dat die band met die Britse Ryk onverbreekbaar was en het gevolglik skerp daarteen te velde getrek. N.C. Havenga, Minister van Finansies, het voorgestel dat niks wat in Artikel 60 voorkom, beskou sou word dat dit afbreuk sou doen aan die reg van 'n Vrygewes om van Brittanje af te skei nie.[7]

Havenga se partygenote het hom heelhartig gesteun. Hulle het daarop gewys dat die Balfour-verklaring betekenisloos sou wees indien die Britse Parlement sesessie kon verhoed. Vrywillige assosiasie tussen die lede van die Britse Gemenebes het, volgens hulle, dan 'n klug geraak.[8]

Hertzog het die debat oor Artikel 60 goed opgesom. Hy het daarop gewys dat Smuts baie moeite gedoen het om die Artikel só te vertolk dat dit die dominiums die reg op sesessie ontneem het. Hertzog het ook aangedui dat Havenga se mosie konsternasie onder die SAP-geledere tot gevolg gehad het. Hulle was almal teen die mosie gekant. Hertzog het Nasionaliste se erns met die mosie van Havenga weergegee toe hy gewaarsku het dat 'n stem daarteen die SAP se opregtheid oor volksvryheid sou verraai.[9]

Uit die SAP-geledere het J.H. Hofmeyr, LV vir Johannesburg-Noord en C.W.A. Coulter, LV vir Kaapstad-Tuine, hul partyleier se standpunt met betrekking tot Artikel 60 bevestig. Volgens dié twee was die reg op afskeiding strydig met die betekenis van die betrokke Artikel.[10]

In Arbeidergeledere was daar nie eenstemmigheid oor Artikel 60 nie. Vir W. Madeley, AP-LV vir Benoni, het die Artikel getoon dat die Unie 'n integrerende deel van die Britse Gemenebes moes bly.[11]

---

7 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5027,5028.

8 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5029,5030,5043.

9 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.565,566.

10 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5053.

11 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5056.

Daarteenoor het kolonel F.H.P. Creswell, Minister van Verdediging en AP-LV vir Denver, geglo dat Artikel 60 nie as 'n hindernis in die pad van Gemenebeslede beskou moes word om hulle van die Britse Gemenebes af te skei nie.[12]

Dit het daarop neergekom dat die Volksraad goedkeuring moes verleen aan die verslag van die 1929-konferensie oor die werking van Vrygewestelike wetgewing en die aanbevelings daaromtrent in beginsel moes goedkeur. Die Regering moes magtiging verkry om daaraan gevolg te gee "mits Artikel 60 van die verslag nie beskou sal word as afbreukdoende aan die reg van enige lid van die Britse Gemenebes van Nasies om hom daaruit terug te trek nie".[13]

Hierdie besluit toon dat die Regeringsparty in die Parlement die deur tot sesessie wou oophou. Dit wys daarop dat daar 'n moontlikheid was dat die Unie, indien hy dit verkies, uit die Britse Gemenebes kon tree.

Die Unie se losmaking van die Britse Ryk, wat aan die begin van die twintigerjare hereniging onder Afrikaners laat skipbreuk ly het, het opnuut by die aanvang van die dertigerjare 'n skeidsmuur tussen Hertzog en Smuts se volgelinge gevorm. Sesessie, wat volgens Smuts deur die verslag van die 1929-konferensie uitgerangeer is,[14] is juis deur die Unieparlement se aanname van die gewysigde Hertzog-voorstel weer in die konstitusionele strydperk van die Suid-Afrikaanse politiek ingetrek.

Op 29 Julie 1930 het Hertzog 'n toespraak in Pretoria gehou waarin hy onder andere die belangrikheid van die komende Rykskonferensie in oënskou geneem het. Hoewel Hertzog nie van die 1930-konferensie 'n verklaring oor Gemenebeslede se reg op afskeiding verwag het nie, sou hy tog ten minste wou sien dat die konferensie deeglik kennis moes neem dat hy die reg op afskeiding besit het.[15]

Ondanks Hertzog se versekering dat hy nie na Londen gegaan het om 'n verklaring oor sesessie by die Rykskonferensie te verkry nie, het die ***Rand Daily Mail*** tog die teenoorgestelde indruk gewek. Die blad, wat ook Hertzog se Pretoria-toespraak oor

---

12 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5038-5053.

13 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5023.

14 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5023.

15 ***Die Burger***, 30 Jul. 1930: berig.

die konferensie gepubliseer het, het teen die einde van Oktober 1930 berig dat Hertzog vasbeslote was om 'n spesifieke verklaring oor sesessie te bekom.[16]

Teen 1930 was dit die algemeen aanvaarbare mening dat Vrygewestes wel die reg gehad het om hulle van die Britse Gemenebes van State los te maak. Die ***Rand Daily Mail*** was van mening dat Engeland die dominiums se reg op afskeiding erken het.[17] J.H. Thomas, Staatsekretaris vir Dominiumsake, was ewe-eens oortuig dat niemand die reg op afskeiding van dominiums ontken het nie. Hy het egter geglo dat so 'n stap dwaas sou wees.[18]

Selfs amptenare van die Departement van Buitelandse Sake in Brittanje het verklaar dat dit vanselfsprekend was dat die reg op sesessie deur die Rykskonferensies erken sou word. Die afskeidingsreg het, volgens hierdie kantoor, reeds vir baie jare bestaan, dog erkenning daarvan in die praktyk kon dalk reperkussies tot gevolg gehad het. Hulle het dit betreur dat Smuts die kwessie van sesessie in die Unieparlement te berde gebring het, en daarmee veroorsaak het dat 'n verklaring daaroor uitgereik moes word.[19]

Uit die bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat dominiums se reg om van die Britse Gemenebes van Nasies af te skei aan die begin van die dertigerjare in sommige kringe erken is. Formele erkenning was egter 'n perd van 'n ander kleur, aangesien dit kon impliseer dat die Britse Gemenebes los van sy kern begin raak het, en dat dit kon disintegreer.[20]

---

16 ***Rand Daily Mail***, 27 Oct. 1930: editorial.

17 ***Rand Daily Mail***, 29 Sep. 1930: editorial.

18 ***Rand Daily Mail***, 30 Sep. 1930: report; vgl. A.B. Keith, ***The dominions as sovereign states: their constitutions and governments***, p.101.

19 Public Record Office (PRO), London, Foreign Office (FO), 627/22/U, file 445: letter from Mary, 8 Aug. 1930, {hierdie brief is ook onderteken deur twee ander persone naamlik G.M. en M.R. Beckett}.

20 R.M. Dawson (Ed.), ***The development of dominion status, 1900-1936***, p.124.

## 2.3 DIE RYKSKONFERENSIE VAN 1930

Op 30 Julie 1930 het Ramsay MacDonald, die Britse Eerste Minister, in die Laerhuis verklaar dat die Rykskonferensie aandag aan Ryksbetrekkinge, die buitelandse beleid, verdediging en die ekonomiese vraagstukke sou skenk.[21]

Hertzog het op 1 Oktober 1930 in 'n toespraak in Londen op die belangrikheid van samewerking tussen lande van die Britse Gemenebes gewys. Volgens hom het die Balfour-verklaring tydens die vorige Rykskonferensie dit moontlik gemaak dat daar 'n gesonde gees van samewerking tussen lede van die Gemenebes kon heers. Die feit dat Gemenebeslede sedert 1926 op gelyke status met Brittanje kon aanspraak maak, het volgens Hertzog meegebring dat Nasionaliste 'n gans ander siening van samewerking binne die Britse Gemenebes ontwikkel het. Dominiums het 'n hoë premie op hul soewereine onafhanklike status geplaas en sou dit selfs nie vir enige ekonomiese voordele wat hulle binne Ryksverband kon bekom, verruil nie.[22]

Na afloop van die Rykskonferensie het Hertzog sy tevredenheid uitgespreek met die vordering wat op grondwetlike terrein bereik is. Hy het vooruitskouend gesê dat indien die Britse Parlement die aanbevelings van die 1926- en 1930-konferensies 'n Britse wet sou maak, daar in die toekoms nie meer kommer oor die grondwetlike posisie van die Unie hoef te wees nie.[23]

Na sy terugkeer in Suid-Afrika het Hertzog, hoewel hy steeds aan die sesessiereg van Suid-Afrika geglo het, gemeen dat die tyd nog nie ryp was vir Suid-Afrika om van die Britse Ryk af te skei nie. Wat vir hom op daardie tydstip van veel groter belang was, was dat Afrikaans- en Engelssprekendes tot 'n hegte nasionale eenheid saamgesnoer moes word.[24]

Hierdie houding van Hertzog het veral in twee opsigte verreikende gevolge gehad. Enersyds het hy met diegene wat op die Vrystaatse NP-kongres 'n mosie van

---

21 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.171.

22 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 2 ..., (Hertzog se toespraak op 'n banket in Londen, Okt. 1930), pp.260,261.

23 ***Die Burger***, 2 Des. 1930: berig; vgl. D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.178.

24 ***Die Burger***, 2 Des. 1930: berig.

afskeiding van die Britse Gemenebes gesteun het, in botsing gekom.[25] Op hierdie kongres het Hertzog groot klem op volksvryheid geplaas. Volgens hom het die betekenis van die 1930-Rykskonferensie daarin gelê dat die eerste groot volkstaat wat die NP in 1914 in vooruitsig gestel het, in vervulling gegaan het. Geen staat het ooit groter vryheid geken nie, aldus Hertzog. Afskeiding was vir hom gevolglik onsinnig. Dit sou buitendien meebring dat belangrike vraagstukke, soos ekonomiese kwessies, met verdeelde kragte aangepak moes word, aangesien afskeiding van die Britse Gemenebes Engelssprekendes sou vervreem.[26]

Republikeine het skerp van Hertzog verskil en by monde van dr. N.J. van der Merwe hul standpunt verduidelik. Verwerping van hul Republikeinse strewe was vir hulle gelykstaande met skorsing uit die NP. Die konflik tussen Hertzog en die Republikeine het ook op die Transvaalse NP-kongres duidelik na vore getree.[27] Andersyds is hy daarvan verdink dat hy na hierdie bogenoemde wending in die ontvoogdingsproses van Suid-Afrika van die Britse konneksie op generaal Louis Botha se konsiliasiebeleid teruggeval het.[28]

Hertzog het ontken dat hy Botha se konsiliasiebeleid aangeneem het. Hoewel hy nog altyd 'n voorstander van samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes was, het hy 'n ander betekenis daaraan verleen as Botha. Hertzog het aangedui dat hy nooit konsiliasie soos Botha op 'n basis van eensydige opoffering begeer het nie. Die Afrikaanssprekende se regte en voorregte moes nie ter wille van konsiliasie opgeoffer word nie.[29]

## 2.4 DIE STATUUT VAN WESTMINSTER

Die Unieparlement het in April tot Junie 1931 byeengekom om die Ontwerpartikels van die aanstaande Britse wet, die Statuut van Westminster, te bespreek. Hertzog het tydens die sitting voorgestel dat die Volksraad goedkeuring verleen aan Ontwerpartikels en aanhefbepalings van die 1930-Rykskonferensie vir wetgewing in

---

25 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.179.

26 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.188,189.

27 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.189.

28 ***Die Burger***, 1 Des. 1930: berig.

29 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.591.

die Britse Parlement, en die Regering magtig om die nodige maatreëls te tref, sodat wetgewing deur die Parlement van die Verenigde Koninkryk ingedien kon word.[30]

Dr. A.J. Stals, NP-LV vir Hopetown, het hierdie mosie van Hertzog gesekondeer. Vir dominiums het soewereiniteit reeds in die praktyk bestaan. Hy het daarop gewys dat die ontwerpwetgewing die gevolg van nasionalisme was wat in die verskillende dele van die Ryk posgevat het.[31]

Vanweë kommer oor die uitwerking van die voorgestelde Wet op die verskanste Artikels[32] in die Uniegrondwet, Artikels 152, 137 en 35, het Smuts 'n amendement op Hertzog se voorstel ingedien.[33] Hiermee wou Smuts verseker dat die Artikels nie deur die voorgestelde Britse wet aangetas word nie.[34]

Hoewel Hertzog aan Smuts die versekering gegee het dat sy vrese ongegrond was, het Smuts nietemin gevoel dat daar 'n Artikel by die Statuut van Westminster gevoeg moes word om Artikel 152 van die Uniegrondwet te beskerm. Dit was duidelik dat Smuts en sy Engelse ondersteuners besorgd was dat hul Britse onderdaanskap in die gedrang sou kom.[35]

***The Star*** het die probleem rondom die verskanste Artikels raak opgesom. Volgens dié blad sou Suid-Afrika sy Britse konneksie behou deur mense wat dit wou bewaar en nie deur die opstel van dokumente oor die beskerming van die Britse konneksie nie.[36]

Hiermee was ***Die Burger*** dit volkome eens. Die blad was van mening dat Smuts in der waarheid Suid-Afrika opnuut onder die gesag van die Britse Parlement wou

---

30 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 14 Apr. 1931, kol. 2655.

31 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 14 Apr. 1931, kol. 2659, 2660.

32 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.191, {verskanste artikels impliseer dat die artikels slegs gewysig kon word deur 'n tweederde-meerderheid in 'n gesamentlike sitting van die twee Huise van die Parlement, dit wil sê die Volksraad en die Senaat}.

33 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.191.

34 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Apr. 1931, kol. 3039.

35 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.191,192.

36 ***The Star***, 23 Apr. 1931: editorial.

plaas. Sy voorstel aangaande die verskanste Artikels was daarom 'n gerieflike dekmantel vir die behoud van die Britse konneksie.[37]

Hierdie standpunte rakende die verskanste Artikels het op belangrike ooreenkomste en verskille gedui. Die twee dagblaaie het saamgestem dat dit nie dokumente nie, maar 'n volk se wilskrag en eergevoel was wat die deurslaggewende faktore in enige volk se ontwikkeling is. Die verskil lê egter by die vertolking van die eergevoel. Terwyl ***The Star*** en diegene wat Suid-Afrika se behoud van die Britse konneksie bepleit het, eergevoel met die handhawing van Britse Gemenebesbelange geassosieer het, het ***Die Burger*** en Nasionaliste wat Suid-Afrika se Britse konneksie wou verbreek, dit aan Hertzog se **Suid-Afrika Eerste**-spreuk gelykgestel.

Die sesessievraagstuk het weereens tydens die 1931-Parlementsitting na vore getree. Verskeie standpunte is oor hierdie saak geopper. N.J. van der Merwe het 'n standpunt van Hertzog onderstreep toe hy gesê het dat afskeiding net sal geskied as dit 'n meerderheidsbesluit van die bevolking is. Hy het alle gerugte oor verdeeldheid in NP-geledere as gevolg van die Republikeinse strewe finaal die nek ingeslaan. Hy het daarop gewys dat hy en ander Republikeine wat die ideaal van 'n Republiek wou bevorder, nog steeds vierkantig agter Hertzog gestaan het.[38] Hy het ook die hoop uitgespreek dat daar vir eens en vir altyd besef sou word dat Suid-Afrika wel die reg op sesessie het.[39] Dr. G. Conradie, NP-LV vir Lindley, het hom by Van der Merwe gevoeg deur daarop te wys dat enige volk die reg het om oor sy lotgevalle en sy staatkundige posisie te beslis.[40]

Opposisielede het die saak anders gesien. Ter ondersteuning van Smuts se kommer oor die verskanste Artikels het Coulter Suid-Afrika se afskeidingsreg bestry en samewerking in die Britse Ryk beklemtoon.[41]

Hoewel 'n aantal lede van die NP, Hertzog inkluis, nie die nodigheid van die Smuts-amendement ingesien het nie, het Hertzog nogtans aangedui dat die amendement

---

37 ***Die Burger***, 23 Apr. 1931: hoofartikel.

38 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.191,192.

39 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Apr. 1931, kol. 3039-3043.

40 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Apr. 1931, kol. 3054.

41 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Apr. 1931, kol. 3050.

niks sou verander aan die voorstelle met betrekking tot die komende Statuut nie. Die Volksraad het die gewysigde voorstel aanvaar.[42]

Die Suid-Afrikaanse pers het hulle nie onbetuig in die debat rondom Suid-Afrika se status gelaat nie. Hoewel verskeie koerante dit anders bewoord het, was hulle in beginsel dit eens dat die voorgestelde Britse wet, die Statuut van Westminster, vryheid in die een of ander vorm beteken het.

Die ***Cape Times*** het nie die betekenis wat die Wet vir Vrygewestes sou inhou, beskryf nie. Volgens die blad was daar eenstemmigheid in die Britse Statebond dat alle spore van Britse wetlike oppergesag moes verdwyn.[43]

***Die Burger*** was duidelik oor sy opvatting met betrekking tot die vryheid wat die Statuut van Westminster vir Suid-Afrika sou meebring: die feit dat die Britse Parlement nie meer wetlike gesag oor Suid-Afrika sou besit nie, beteken dat die Suid-Afrikaanse volk as 'n absolute vrye volk ook vry was om sy regeringsvorm te wysig soos hy verkies het.[44]

***Die Volksblad*** het die verantwoordelikheid vir die uitbouing van die vryheid wat deur die aanstaande Britse wet in die vooruitsig gestel is, voor die deur van die Suid-Afrikaanse volk gelê.[45]

## 2.5 DIE BRITSE SIENING VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER

Hierdie Britse wet wat op 11 Desember 1931 gepubliseer is, het ten doel gehad om die Balfour-verklaring (1926) te wettig. Die ontvoogdingsteorie moes dus met die gebruike wat ten opsigte van gelyke status van Brittanje en die dominiums in die praktyk ontwikkel het, in verband gebring word.[46]

---

42 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Apr. 1931, kol. 3061.

43 ***Cape Times***, 23 Apr. 1931: editorial.

44 ***Die Burger***, 24 Apr. 1931: hoofartikel.

45 ***Die Volksblad***, 16 Apr. 1931: hoofartikel.

46 S.S. Ramphall, ***Secession from the Commonwealth*** (unp. report presented at the ICS Seminar 'Political and economic structure of the Commonwealth, 1951-1952', University of London, 1952), p.4.

'n Verdere oogmerk van dié wet was dat die soewereiniteit van dominiale parlemente verhoog moes word om die mag te verkry om sodanige wetgewing deur die Britse Parlement te wysig of terug te trek.[47]

Op 10 November 1931, 'n maand voordat die Statuut van Westminster deur die Britse Koning onderteken is, het koning George V by die opening van die Parlement in Westminster die aanstaande Wet in oënskou geneem. Hy het op die tweeledige oogmerk van die Statuut gewys. Benewens die feit dat die Wet die magte van dominiale parlemente moes omskryf, moes dit ook die gees van vrywillige samewerking tussen lede van die Britse Gemenebes van Nasies bevorder.[48]

Die bespreking van hierdie wetgewing in die Britse Laerhuis het die Britse visie op dié saak weerspieël. Tydens die bespreking van hierdie Wetsontwerp het 'n paar uitstaande kenmerke van die beoogde wetgewing na vore getree. J.H. Thomas, Staatsekretaris vir Dominiale Sake, het die belangrikheid van die Wetsontwerp sterk beklemtoon. Hy het dit só beskryf: "The bill which I present to the House today is, in one sense, the most important and far reaching that has been presented to this House for several generations."[49] Thomas het verder daarop gewys dat die Wetsontwerp al die dominiums geraak het en dus vir die funksionering van die hele Britse Gemenebes van belang was.[50]

Volgens Thomas was die Wetsontwerp derhalwe baie noodsaaklik. Die dominiums het besonder sterk daarop aangedring om die beginsel van gelykheid met Brittanje op die Wetboek vas te lê. Aldus Thomas was daar geen alternatief as om aan die dominiums se versoek te voldoen nie. Enige ander optrede sou strydig gewees het met die gees van vryheid wat die ondertoon van ontvoogding van die Britse konneksie gevorm het.[51]

Die meerderheid in die Britse Laerhuis het hierdie standpunt van Thomas ondersteun, maar W.S. Churchill, Konserwatiewe Party (KP)-lid vir Epping, en enkele

---

47 K.C. Wheare, ***The Statute of Westminster and dominion status***, p.138.

48 K.C. Wheare, ***The Statute of Westminster ...***, pp.137,138.

49 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1208,1212.

50 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1173.

51 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1180.

ander lede, het skerp hiervan verskil.[52] Volgens P. Marjoribanks, KP-lid vir Eastbourne, was die Statuut totaal en al niksseggend en moes dit gevolglik heeltemal geïgnoreer word.[53] Die Konserwatiewe minderheid wou die status quo gehandhaaf sien.[54]

Hopkin Morris, 'n KP-lid, was van mening dat die Wetsontwerp ses maande later ter tafel gelê moes word.[55]

Vir die Konserwatiefgesinde Britse politici was die aanpassing wat Brittanje ten opsigte van die status en verhouding tot die dominiums moes maak, te groot. Terwyl sommige dit wou ignoreer, het ander gemeen die oplossing het in uitstel gelê. Dit sou die pynlikheid van die harde werklikheid enigsins versag. Goedkeuring van die Wetsontwerp sou hul ideaal van Rykseenheid aan skerwe laat spat. Marjoribanks het die Konserwatiewes se standpunt só gestel: "All our plans are built upon unity and co-operation, and this is a moment when we are asked to assent in legal form to the idea of separation."[56]

Hierteenoor het Britse politici wat ten gunste van ontvoogding van dominiums van die Britse Gemenebes was en die meerderheid in die Britse Laerhuis uitgemaak het, die Statuut van Westminster-wetsontwerp ondersteun.[57] Hulle het besef dat Suid-Afrika se Britse konneksie enige jare nog kon voortbestaan indien daar op 'n besonder taktiese wyse opgetree sou word.

In die aanhef van die Statuut is die beginsel van vrye assosiasie tussen Gemenebeslande opgeneem: "... in as much as the Crown is the symbol of the free association of the members of the British Commonwealth of Nations, and as they are united by a common allegiance to the Crown, it would be in accord with the established constitutional position of all the members of the Commonwealth in relation to one another that any alteration in the law touching the succession to the Throne or Royal Style and titles shall hereafter require the assent as well of the

52 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1182.

53 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1188.

54 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1823.

55 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1209.

56 United Kingdom, House of Commons, ***Parliamentary debates***, 20 Nov. 1931, col. 1208.

57 K.C. Wheare, ***The Statute of Westminster*** ..., p.138.

parliaments of all the dominions as of the parliament of the United Kingdom: and whereas it is in accord with the established constitutional position that no law hereafter made by the parliament of the United Kingdom shall extend to any of the said dominions (Canada, Australia, New Zealand, South Africa, Irish Free Sate and Newfoundland) as part of the law of that dominion otherwise than at the request and with the consent of that dominion ...".[58]

Deur die opname van die essensie van die Balfour-verklaring (1926) in die aanhef van die Statuut van Westminster, is die rol van die Kroon in die Britse Gemenebes dus duidelik uitgespel. Daarmee is ook vir die eerste keer aangedui dat die Kroon 'n dubbele rol te spele het, aldus Walker.[59]

## 2.6 DIE WESE VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER

Die inhoud van die Statuut van Westminster bestaan uit 12 Artikels wat op een of meer van die dominiums betrekking gehad het. Artikel 1 het bepaal dat die uitdrukking "dominium" op enige van die volgende dominiums van toepassing was: Suid-Afrika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, die Ierse Vrystaat en Newfoundland.[60]

Artikel 2 van die Statuut het uit twee subartikels bestaan. Die eerste het bepaal dat die Colonial Laws Validity Act van 1865 nie meer van toepassing was op enige Wet wat na die inwerkingtreding van die Statuut deur 'n Parlement van 'n dominium gemaak is nie. Die tweede subartikel het bepaal dat geen wetgewing wat deur die Parlement van 'n dominium na die inwerkingtreding van die Statuut op grond van strydigheid met die Engelse reg of met die bepalings van 'n bestaande of toekomstige Wet van die Parlement van die Verenigde Koninkryk, of met 'n bevelskrif, reël of regulasie uit kragte van so 'n Wet gemaak, nietig of ongeldig sou wees nie. Die bevoegdheid van die Parlement van 'n dominium het daarom die mag ingesluit om sodanige Wet of bevelskrif, reël of regulasie vir sover dit deel uitmaak van die wetgewing van die dominium, te herroep of te wysig.[61]

---

58 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, p.125.

59 P.G. Walker, ***The Commonwealth***, p.108.

60 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, p.127.

61 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, p.127.

D.V. Cowen wys daarop dat daar oor Artikel 2 'n Konserwatiewe sowel as 'n Liberale opvatting gehuldig is.[62] Diegene wat die Konserwatiewe mening insake Artikel 2 van die Statuut van Westminster gehuldig het, was van mening dat daar niks in Subartikel 2, of elders in die Statuut, vermeld is wat die magsgebied van dominiale parlemente vergroot het tot buite die afgebakende grense soos dit in hul grondwette bepaal is nie. Hierteenoor was daar diegene wat beweer het dat Subartikel 2 alle beperkings op die magsgebiede van dominiale parlemente, met inbegrip van beperkings op die grondwetlike grense, opgehef het. Hierdie groep was van mening dat die Statuut in der waarheid alle beperkings op magte voortspruitend uit enige Britse wet opgehef het. In teenstelling hiermee het die Konserwatiewe denkskool gemeen dat Artikel 2 nie noodwendig beteken het dat dominiale parlemente oor 'n onafhanklike mag van wysiging of terugtrekking van Imperiale Wette wat in die dominiums gefunksioneer het, beskik het nie.[63]

Artikel 3 van die Statuut het kort en kragtig by die konsep aangesluit met die bepaling dat dominiale parlemente Wette met ekstraterritoriale regsgeldigheid kon maak.[64]

Die groot mate van kritiek wat oor die wye toekenning van wetgewende mag aan dominiale parlemente ontstaan het, is hoofsaaklik aan die wanopvattings wat deur die begrip "ekstraterritoriale mag" meegebring was, toe te skryf. Ekstraterritoriale wetgewing het bloot op wetgewing gedui wat bepaal het dat howe dieselfde gesag buite hul landsgrense as daarbinne gehad het. Dit het geensins beteken dat een staat vir 'n ander Wette kon uitvaardig of dat 'n hele aantal regstelsels binne een spesifieke gebied sou geld nie.[65]

Artikel 4 het die volgende saak bepaal: "No Act of parliament of the United Kingdom passed after the commencement of this Act shall extend, or be deemed to extend, to a dominion as part of the law of that dominion unless it is expressly

---

62 D.V. Cowen, ***Parliamentary sovereignty and the entrenched sections of the South African Act***, p.21.

63 D.V. Cowen, ***Parliamentary sovereignty and ...***, pp.22,23.

64 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, p.128; vgl. R.P. Mahaffy, ***The Statute of Westminster: with an introduction, notes and index***, pp.8,9.

65 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, p.131.

declared in that Act that dominion has requested, and concerted to, the enactment thereof."[66]

Die oogmerk van hierdie Artikel was nie om die mag van die Britse Parlement om Wette met regsgeldigheid vir ander lede van die Britse Gemenebes te maak, te verwyder nie. Hierdie Artikel is aangeneem met die geloof dat die Britse Parlement wel die mag gehad het om dit te kon doen. Dit gaan in Artikel 4 oor die wyse van samestelling. Indien 'n verklaring in die Wet meld dat die betrokke Wet op versoek en met goedkeuring deur die Gemenebeslid geloods is, word Artikel 4 volgens die bedoeling van die Statuut van Westminster toegepas.[67]

Artikel 5 van die Statuut van Westminster het op die Merchant Shipping Act van 1894 betrekking gehad. Die Artikel het bepaal dat Klousules 795 en 796 van laasgenoemde Wet só saamgestel sou word dat verwysing daarin na 'n Britse besitting nie betrekking op enige dominiale parlement sou gehad het nie. Dit het in wese beteken dat sekere beperkings op dominiale parlemente opgehef is.[68]

Artikel 6 het die verhouding van dominiale parlemente met die howe van die Seeraad bepaal. Hierdie Artikel was ook daarop gerig om beperkings op dominiale parlemente op te hef. Voorheen moes die Koning eers sy toestemming tot die inwerkingstelling van enige hofreëls met betrekking tot die regulering van die regsprosedure van 'n koloniale seeraadshof verleen. Met die afkondiging van die Statuut van Westminster sou laasgenoemde bepaling nie meer op enige dominium van toepassing wees nie.[69]

Artikels 7 tot 12 van die Statuut van Westminster het nie betrekking op die Unie van Suid-Afrika gehad nie.

## 2.7 DIE REAKSIE OP DIE STATUUT VAN WESTMINSTER

Terwyl Suid-Afrika en Ierland die Statuut van Westminster met ope arms verwelkom het, het Australië, Nieu-Seeland, Newfoundland en Kanada hul rug

---

66 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, p.131.

67 K.C. Wheare, ***The constitutional structure of the Commonwealth***, pp.27,28.

68 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, pp.131,132.

69 United Kingdom, ***Halsbury's Status of England***, vol. 24, p.132.

daarop gekeer.[70] Die rede hiervoor was die feit dat hierdie lande nie bereid en gereed was om hul Britse verbintenis prys te gee nie. Die Statuut van Westminster het dus meegebring dat die Gemenebeslande op twee vlakke van konstitusionele ontwikkeling verkeer het. Suid-Afrika en Ierland se Britse konneksie was na 1931 baie swakker as dié van die ander Gemenebeslande.

Die Suid-Afrikaanse pers het interessante reaksie op die Statuut van Westminster getoon. Hoewel ***Die Burger*** kennelik teleurgesteld was met Kanada se besluit om nie die Statuut van Westminster te aanvaar nie, was hy nogtans optimisties oor Kanada se toekomsplanne met betrekking tot die Britse Gemenebes. Daarom was die blad van mening dat Kanada wat so 'n prominente aandeel in die ontwikkeling van Vrygewestelike status gehad het, nie lank met só 'n toestand tevrede sou wees nie.[71]

***The Cape Argus*** het radikaal van ***Die Burger*** oor die Kanadese besluit verskil: "It is really a very sensible decision ... We doubt whether Canada will bother about this purely theoretical abatement of her national dignity."[72]

Die ***Cape Times*** het voorgestel dat Suid-Afrika die voorbeeld van Australië en Nieu-Seeland moes volg en die Uniegrondwet van die Statuut van Westminster moes skei.[73]

***The Star*** was dit eens met die ***Cape Times*** dat Suid-Afrika hom van die Statuut van Westminster moes distansieer, dog die blad het dit betwyfel of Hertzog wys genoeg sou wees om die Suid-Afrikaanse Grondwet tot 'n heilige dokument te verklaar.[74]

Volgens ***Die Volksblad*** het Groot Brittanje voor die hele wêreld formeel van al die wettige gesag oor Suid-Afrika en die ander dominiums afstand gedoen. Die wyse waarop dit gedoen is, het Ryksgesindes, volgens dié blad, ontsenu. Die blad was

---

70 Anon., "British Commonwealth of Nations", ***Current History***, vol. 34, Sep. 1931, p.846; vgl. F.R. Scott, "The end of dominion status", ***The South African Law Journal***, vol. 64, 1947, pp.145,146.

71 ***Die Burger***, 21 Mei 1931: hoofartikel.

72 ***The Cape Argus***, 21 May 1931: editorial.

73 ***Cape Times***, 17 Apr. 1931: editorial.

74 ***The Star***, 23 Apr. 1931: editorial.

ook van mening dat Ryksgesindes voortaan sou streef na 'n andersoortige eenheid, 'n ekonomiese eenheid binne die Britse Gemenebes.[75]

Die geloof onder Nasionaalgesindes dat Ryksgesindes 'n ekonomiese eenheid nastreef, was ongetwyfeld een van die primêre redes waarom die Hertzog-regering nie, soos Brittanje, die goudstandaard in 1931 wou laat vaar nie.[76]

Hertzog het op 16 Desember 1931 te Smithfield die Statuut van Westminster as 'n besondere mylpaal op Suid-Afrika se weg na konstitusionele ontvoogding van die Britse konneksie voorgehou. Volgens hom was die vryheid wat die Statuut meegebring het die hoogste mate van vryheid waaroor enige volk ooit kon beskik[77] en het hy die Engelse geloof vir hul grootse daad. Dit was vir Hertzog die afsluiting van die stryd om onafhanklikheid van die Britse Gemenebes.[78]

Anders as Hertzog het die Republikeine teen die einde van 1931 nie so seker gevoel dat die Statuut van Westminster algehele vryheid aan die Unie-inwoners toegesê het nie. 'n Sekere Steyn Vorster, 'n vurige Republikein, wou weet hoe dit rym dat die Boerenasie vry en onafhanklik kon wees, terwyl die Unie se staatshoof die Koning van Engeland was, die landsvlag die Union Jack en Suid-Afrikaners boonop Britse onderdane.[79]

In 1930 is die breuk tussen Hertzog en 'n aantal NP-LV's, wat sterk ten gunste van 'n Republikeinse staatsvorm vir die Unie was, op die spits gedryf. Republikeine het op 26 Mei die Republikeinse Bond in Kaapstad gestig. Hulle het geglo dat die Britse konneksie 'n ware Suid-Afrikaanse nasionalisme ondermyn.[80]

Enkele maande na die stigting van die Republikeinse Bond het die geesdrif vir die Republikeinse ideaal hoog opgevlam toe N.J. van der Merwe se toespraak voor die

---

75 *Die Volksblad*, 1 Des. 1931: hoofartikel.

76 A.J.L. Lubbe, ***Die goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek, 1931-1932*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1986), p.80.

77 *Die Volksblad*, 16 Des. 1931: berig.

78 *Die Volksblad*, 17 Des. 1931: berig.

79 *Die Volksblad*, 12 Des. 1931: berig.

80 F.A. van Jaarsveld & G.D. Scholtz (reds.), ***Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms***, p.167.

Junior NP-lede op 25 Augustus 1930 in Bloemfontein besondere stukrag daaraan verleen het.[81]

Van der Merwe wou weet of Nasionaliste houtgerus en tevrede moes wees met die konstitusionele status in die Britse Stategemeenskap. Hy was van mening dat "die Groot Trek van Vryheid en onafhanklikheid nog nie op 'n end is nie". Hy was oortuig dat Suid-Afrika se reg om neutraal te wees in 'n oorlog betekenisloos sou wees solank Suid-Afrika steeds binne die Britse Gemenebes sou verkeer.[82]

Die inhoud en betekenis wat Hertzog en die Republikeine aan die begrip vryheid gegee het, verklaar hul reuseverskil in opvatting oor Suid-Afrika se Britse konneksie. Terwyl Hertzog sy land as 'n lid van die Britse Gemenebes volkome vry ervaar het, het die Republikeine geen vryheid vir Suid-Afrika binne die Britse Gemenebes voorsien nie. Hertzog het Suid-Afrika se vryheid gemeet aan die wetlike status wat hy met die Statuut van Westminster ontvang het. Hierteenoor het die Republikeine Suid-Afrika se vryheid aan sy voortgesette Britse konneksie gemeet.

## 2.8 DIE IMPAK VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER

Die aanhef van die Statuut van Westminster het dominiums se reg op sesessie 'n hoogs debatteerbare politieke twisvraag gemaak. Die mening is gehuldig dat 'n lid van die Gemenebes nie op sy eentjie van die Britse Gemenebes kon afskei nie. As afskeiding nodig sou word, moes die ganse Britse Gemenebes algemene wetgewing daaroor aanneem.[83] W.K. Hancock was egter van mening dat die aanhef van die Statuut van Westminster sesessie gewettig het.[84]

Dié verskil in vertolking was in die algemeen aanvaarbare mening geleë dat die aanhef geen wetlike bevoegdheid bevat het nie. Indien die aanhef nie enige wetlike krag kon uitoefen nie, moes die aanhef se rol en betekenis in die Wet bepaal word. Hancock wys daarop dat minstens twee dominiums, naamlik Suid-Afrika en Kanada, nie die aanhef as die daarstel van 'n konvensie wat sesessie verbied het, beskou

---

81 G.D. Scholtz, ***Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940***, p.195.

82 G.D. Scholtz, ***Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe ...***, p.193.

83 A.B. Keith, ***The king and the imperial crown***, p.449.

84 W.K. Hancock, ***Survey of British Commonwealth Affairs***, vol. 1: problems of nationality, 1918-1936, pp.529,530.

het nie. Hulle sou ook nie die aanhef goedkeur indien dit so 'n betekenis gehad het nie.[85]

Dit wat die aanhef ten opsigte van sesessie moes bepaal het, word duidelik deur die vernuftige hand van Britse staatslui verdoesel, aldus K. Braak. Hy wys daarop dat die begrip "vrije vereeniging" deur "vereeniging deur algemene trou" vervang is. Volgens Braak is daar genoegsame bewys dat die Engelse 'n hoë premie op trou aan die Britse Koning geplaas het.[86] Hy beweer dat oorwonne volke slegs maar in 'n posisie van gedwonge onderwerping teenoor die Koning van Engeland kon staan.[87]

Braak was van mening dat Britse politici, wat deel in die opstel van die aanhef gehad het, pertinent daarop uit was om hierdie woorde so in te span dat niemand sesessie daarin kon lees nie.

Die Statuut het wel sekere wetlike veranderings meegebring. Die belangrikste veranderings was die bepalings wat aan dominiums ekstraterritoriale wetgewende gesag toegeken het. Hiervolgens was die dominiums se wette ook buite hul grense geldig. Ewe belangrik was die feit dat die Colonial Laws Validity Act van 1865 nie meer geldig was nie. Die Parlement van die Verenigde Koninkryk kon steeds wette vir dominiums maak, dog slegs wanneer laasgenoemde dit versoek en goedgekeur het. Volgens L.S. Amery was niks egter nuut nie, aangesien Brittanje die voorafgaande vyf dekades nie daaraan gedink het om wetgewing vir 'n dominium te maak sonder dat hy daartoe versoek is nie.[88]

C. Cross wys daarop dat die Statuut van Westminster wye belangstelling uitgelok het en selfs as die hoeksteen van 'n totaal nuwe Gemenebes beskou is. Die algehele superioriteit van die Britse Parlement is deur die Statuut van Westminster weggeneem. In die proses het daar 'n stille ooreenkoms tussen Brittanje en die dominiums plaasgevind, waardeur die Britse Kroon deelbaar geword het.[89] Cross lê heelwat klem op laasgenoemde punt. Hy het in geen onduidelike taal die Britse

85 W.K. Hancock, ***Survey of British Commonwealth Affairs***, vol. 1 ..., p.529.

86 K. Braak, ***Zuid-Afrika en Engeland: hun staatkundige verhouding***, pp.96,97.

87 K. Braak, ***Zuid-Afrika en Engeland*** ..., p.97.

88 L.S. Amery, ***My political life***, vol. 3: the unforgiving years, 1929-1940, p.404; vgl. ook INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P21.22: L.M. Thompson, Konstitusionele ontwikkeling, 1910-1952, p.15.

89 C. Cross, ***The fall of the British Empire, 1918-1968***, p.177.

Kroon se degenerasie só beskryf: "Of at least equal significance, however, was the more subtile process of splitting up the Imperial Crown and reducing its status in the dominions to that of a mere mascot."[90]

Volgens E.A. Walker is dit na die aanname van die Statuut bykans universeel erken dat dominiums soewereine onafhanklike state binne die Britse Gemenebes was.[91]

Hierdie soewereine onafhanklike status het alle dominiums nie op dieselfde wyse ervaar nie. Vir sommige, soos Suid-Afrika, Kanada en Ierland, was hierdie nuwe status 'n geleentheid om groter vryheid te benut en te ontgin. Andere, soos Australië, Nieu-Seeland en Newfoundland, het eerder gevaar as geleentheid daarin gelees. P.G. Walker merk in hierdie verband op dat die Statuut van Westminster Kanada, Suid-Afrika en Ierland se wetlike status geformuleer het.[92]

Na die aanname van die Statuut was die kroon die enigste oorblywende konstitusionele band tussen die dominiums en Brittanje.[93] S.S. Ramphall was van mening dat dominiums op grond van die Statuut alle bande met die Britse Kroon kon verbreek.[94] Dit was waarskynlik die rede waarom Ryksgesindes, ter wille van die behoud van die Britse konneksie, die klem op die morele verpligtinge van die dominiums teenoor Brittanje geplaas het.

R.M. Dawson het die uitwerking van die Statuut van Westminster soos volg beskryf: "It necessarily failed in its main purpose. The awkward fact remained, and remains that if the Imperial parliament could grant complete legal powers to dominions it could at any time withdraw them by the same method; and to argue that the British Parliament would never repeal the Statute of Westminster, is simply to admit that dominion powers depend now, as they depended before, upon constitutional usage."[95]

---

90 C. Cross, ***The fall of the British Empire*** ..., p.177.

91 E.A. Walker, ***The British Empire: its structure and spirit, 1497-1953***, p.154; vgl. W.D. McIntyre, ***The Commonwealth of Nations: origin and impact, 1869-1917***, p.192.

92 P.G. Walker, ***The Commonwealth***, p.108.

93 W.D. McIntyre, ***The Commonwealth of Nations*** ..., p.193.

94 S.S. Ramphall, ***Secession from the*** ..., p.5.

95 R.M. Dawson (Ed.), ***The development of dominion status*** ..., p.122.

J.H. Thomas het die impak wat die Statuut van Westminster op die Britse Gemenebes gehad het, raak opgesom. Hy was van mening dat daar met dié Wet ongetwyfeld 'n mylpaal in die Britse konstitusionele geskiedenis verrys het. Hierdie aangeleentheid sal vervolgens toegelig word.[96]

## 2.9 DIE INVLOED VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER OP DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK

Dit is veral belangrik om te bepaal watter invloed die Statuut van Westminster op die Suid-Afrikaanse politiek gehad het.

Hertzog het tydens die Geloftedagviering van Desember 1932 in sy kiesafdeling, Smithfield, die mening gehuldig dat die Statuut van Westminster die afsluiting van die stryd meegebring het.[97]

Die stryd waarna Hertzog verwys, het 'n dubbele betekenis gehad. Dit was vir hom enersyds die stryd van die Unie om langs konstitusionele weg tot 'n soewereine staat te kon vorder en andersyds die stryd om die blanke rasse tot 'n hegte eenheid saam te snoer. Hertzog se visie dat die Statuut van Westminster die konstitusionele stryd beëindig het, het daartoe bygedra dat sy houding teenoor Brittanje verander het.

In sy terugskouing van die pad wat die Unie met sy Britse konneksie gekom het, het Brittanje in sy gedagtes as 'n weldoener herrys. Dit is om hierdie rede dat Hertzog verklaar het dat die Statuut van Westminster 'n daad van die Engelse volk was waarvoor Suid-Afrika dank aan die Britte verskuldig sou bly.[98]

Die invloedryke sir Herbert Stanley, Britse Hoë Kommissaris en gesaghebbende oor konstitusionele sake, het in die loop van 1932 sy mening oor die uitwerking van die Statuut van Westminster op die Suid-Afrikaanse politiek só uitgespreek: "The enactment of the Statute of Westminster and the emphasis laid by the National

---

96 PRO, London, Dominion Office (DO), 35/90, part B, Imperial conference 1930: broadcast statement by the Right Honourable J.H. Thomas, secretary of State of Dominion Affairs, 19 Nov. 1930.

97 *Die Volksblad*, 17 Des. 1932: berig.

98 *Die Volksblad*, 17 Des. 1932: berig.

Government on the achievement of sovereign independence, willingly or unwillingly, general Hertzog has set his Frankenstein monster into motion."[99]

Hierdie Frankenstein-monster is, volgens Stanley, deur Hertzog geskep aangesien hy die taalstryd tussen rassegroepe ontketen het.[100] Stanley kom tot die gevolgtrekking dat die meerderheid Afrikaners die Britse konneksie as ondraaglik ervaar het. Hy waarsku teen die gevaar dat die Britse Koning onder die valse indruk kon verkeer dat alles met Suid-Afrika, as lid van die Britse Gemenebes, wel is. Stanley was van mening dat dié valse beeld, as gevolg van die goeie verhouding tussen Britse Regeringsamptenare in die Departement van Buitelandse Sake en die Ministers van die Unieregering, by die Koning kon posvat. Stanley het ook op die wrywing tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Suid-Afrika gewys en dit aan Afrikaanse skole en kerke toegeskryf wat nasionalisme oordryf het en so die verhouding met Brittanje in gevaar gestel het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat, indien hy die konstitusionele posisie van Suid-Afrika reg beoordeel het, "... the British connection in any real sense of the term hangs upon slender thread".[101]

Dit was opvallend dat talle Nasionaalgesindes, na die aanname van die Statuut van Westminster, daarop ingestel was om Suid-Afrika se nuutverworwe status in die praktyk toegepas te kry. In hierdie opsig het Malan, Minister van Binnelandse Sake, se toespraak op 11 Oktober 1932 op die Kaaplandse NP-kongres in Stellenbosch, die rigting aangedui. Volgens Malan het die Statuut van Westminster meegebring dat Suid-Afrika sy plek as 'n internasionale staat in die wêreld kon inneem.[102]

Dr. E.H. Louw, Suid-Afrika se gevolmagtigde Minister in die Verenigde State van Amerika, het Malan se interpretasie van die Statuut van Westminster gedeel. Volgens Louw het soewereine onafhanklikheid slegs op papier bestaan en is dit nooit in die praktyk toegepas nie. Hy praat van Suid-Afrika se basteronafhanklikheid wat slegs 'n skynvertoning is. Hy was telkens genoodsaak om in Hertzog se toesprake die klem op Suid-Afrika se absolute onafhanklikheid te

---

99 PRO, London, FO, 627/41U/DIG (F 29-36): memo from H.J. Stanley, British commissioner to J.H. Thomas, 11 Oct. 1932.

100 A. van Wyk, ***Die Keeromstraatkliek: Die Burger en die politiek van koalisie en samesmelting, 1932-1934***, pp.20,21.

101 PRO, London, FO, 627/41U/DIG (F 29-36): memo from H.J. Stanley, British commissioner to J.H. Thomas, 11 Oct. 1932.

102 ***Die Burger***, 12 Okt. 1932: berig.

plaas. Louw het gesê dat hy tot laasgenoemde optrede genoodsaak was, aangesien Hertzog se kollegas in Washington en Kanada steeds nadruk op die Rykseenheididee gelê het.[103]

Ondanks die feit dat die Statuut van Westminster geldig was, was dit duidelik dat 'n hele aantal Nasionaliste aan die begin van die dertigerjare met Suid-Afrika se konstitusionele status gefrustreerd was. Vir hierdie Nasionaliste moes die betekenis van hierdie status nie begrens word deur Wette wat Suid-Afrika se verhouding met Brittanje weerspieël het nie.

## 2.10 SAMEVATTING

Die Statuut van Westminster het vir Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie besondere betekenis ingehou. Dit het enersyds aan die lig gebring dat Hertzog se beskouing oor Suid-Afrika se status en plek binne die Britse Gemenebes veel nader aan dié van Smuts gelê het as wat die geval 'n dekade tevore was. Dit het egter andersyds ook duidelik geword dat Malan se siening van die Unie se status al minder met die van sy leier, Hertzog, te rym was. Hierdie ontwikkeling het daarop gedui dat die magsbalans in die Suid-Afrikaanse politiek Suid-Afrika se Britse konneksie ten nouste sou raak.

Terwyl Smuts en Malan teen 1931 reeds duidelikheid oor hul beskouing van Suid-Afrika se Britse konneksie gehad het, was Hertzog se standpunt en visie steeds in 'n oorgangsfase. Aan die begin van 1933 sou Suid-Afrika se Britse konneksie op Hertzog se politieke weegskaal beland. Watter aspek sou vir Hertzog die meeste gewig dra: sy konstitusionele beginsels of sy begeerte om Afrikaans- en Engelssprekendes saam te snoer? Hierdie kontensieuse vraagstuk word in die volgende hoofstuk bespreek.

---oOOo---

103 Carnegie-biblioteek, US, D.F. Malan-versameling, lêer F1/1/1022: brief van E.H. Louw aan D.F. Malan, 20 Aug. 1933.